



PRIMÊRE SKOOL UNIVERSITAS

H/V Paul Kruger en Ross str, Universitas, Bloemfontein
Tel. : (051) 522 1371
www.tjokkies.co.za

2 Oktober 2020

Geagte ouers

Insake: Tjokkies se E-skoolplatform

Ons het die afgelope twee weke vele navrae oor die skool se E-platform vanaf u as ouers ontvang. Daarom dat ons die platform weereens in heroënskou geneem het en sekere aanbevelings en veranderinge rondom die platform aan u kommunikeer. Die E-platform se aanvanklike doel was om die grendeltyd i.t.v. Covid-19 te oorbrug, om werk daar te stel dat die leerders steeds konstruktiewe akademiese werk kon kry. Na die verstryk van die grendeltydperk het die rol van die platform verander om leerders te akkommodeer wat in die week tuis sou bly. Ook om die leerders met komorbiditeite te akkommodeer. Die doel van die platform was nooit om die onderwys te vervang nie, eerder om as hulpmiddel op te tree en die hande van die onderwysers sterk te maak.

Dit wil tog blyk dat daar in sekere gevalle van die platform gebruik gemaak word vir gemak- en- gerieflikheidsdoeleindes. Daarom dat ons u reeds vroeg in kennis stel dat vanaf die vierde kwartaal **die volgende veranderinge rondom die werkswyse en algemene bestuur van die platform aangebring gaan word:**

1. Werk sal slegs teen Vrydae om 14:00 beskikbaar wees. Onderwysers gaan nie meer op enige ander dag van die week werk plaas nie. Op die manier het u as ouer 'n naweek om uself en die leerder te vergewis wat van hul verwag word tydens die tuisblyweek.
2. Die laai van inligting aan Groep 1- en 2-leerders sal minimaal geskied. Onderwysers se metodiek van aanbieding gaan gebaseer word soos voor die pandemie. Daar gaan van leerders verwag word om huiswerk af te skryf en teen Vrydae sal leerders die werk in harde kopie ontvang oor dit wat van hul verwag word tydens hul tuisblyweek. Dus sal dit nie meer nodig wees om in "detail" op die platform te kommunikeer nie.
3. Die laai van inligting aan Groep 3-leerders gaan nie meer geskied nie. Indien u kind steeds afwesig is om welke redes, kan die werk op Vrydae as harde kopie by mnr. Flip Venter, die sekuriteitswag, afgehaal word.



Ons wil dit egter weer beklemtoon dat ons aanbeveel dat Groep 3-leerders terugkeer skooltoe. Die ergste vlaag van die pandemie is verby en siende dat die land in vlak 1 van grendel is, word dit deurgaans deur kundiges aanbeveel dat sodanige leerders terugkeer skooltoe. Dit sal 'n positiewe uitwerking op die vyf dimensies van u kind teweeg bring om weer terug te beweeg na 'n ietwat van 'n normale dagpatroon. Hul emosionele-, fisiese-, intellektuele-, sosiale- en geestelike welstand sal voordeel hieruit trek.

4. Alle assessering sal by die skool gedoen word in die bepaalde onderrigure. Slegs by uitsondering, waar 'n geldige mediese sertifikaat beskikbaar is, sal sodanige leerder 'n gemiddelde punt van sy eie akademiese punte verkry wat tans op SAMS verskyn. Indien 'n leerder egter afwesig is sonder enige geldige skriftelike bewys vir watter assessering ookal, sal daardie leerder sy punte vir daardie betrokke assessering verbeur.

Ons besef dat die pandemie uitdagings van astronomiese proporsies op u as ouers, die leerders asook die onderwysers berus het. Ons moet egter almal hande vat en poog om 'n sisteem daar te stel waar alle partye by die hoofdoel uitkom. Die hoofdoel is natuurlik om ons leerders voor te berei vir 2021, ongeag die uitdagende omstandighede.

Baie dankie vir al die positiewe terugvoer wat ons ontvang van u as ouers. Ons weet egter dat geen sisteem onfeilbaar en foutloos is nie. In retrospeksie het Corona vir ons kom wys dat goeie onderwysers onvervangbaar is, ouers se ondersteuning van kardinale belang is en die welstand van ons kinders ondebatterbaar is. Tjokkies is bevoorreg om 'n ademlose put van onderwysers, ouers en leerders van hoogstaande gehalte te hê .

Vriendelike groete



Mnr. Stefan Smit
Adjunkhoof



Mnr. Neels Gunter
Skoolhoof